



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

(TEORIE)

FEBRUARIE/MAART 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

VOORSTELLE EN AANBEVELINGS AAN NASIENERS

- Gaan dikwels terug na die vrae en memorandum gedurende die eerste halfuur van nasien.
- Daar word aanbeveel dat die vraag dikwels gelees (en herlees) word saam met die kandidaat se antwoord om te sien of dit korreleer. Moenie deur die kandidaat se stellings mislei word nie.
- Daar word aanbeveel dat die nasieners die vrae en antwoorde weer lees op die tweede dag voordat die dag se nasien begin.
- Wees versigtig om nie op sleutelwoorde of algemene stellings te fokus nie, maar lees eerder die hele antwoord. Indien jy twyfel, lees die hele antwoord en gaan dan terug na die vraag en die memorandum. Vra jouself of jou hoofnasiener of die nuwe respons in die memorandum kan 'pas' om die regte punte aan die kandidaat toe te ken.

AFDELING A**VRAAG 1:
PASITEMS**

1.1	E	✓	(1)
1.2	C	✓	(1)
1.3	N	✓	(1)
1.4	R	✓	(1)
1.5	B	✓	(1)
1.6	P	✓	(1)
1.7	A	✓	(1)
1.8	L	✓	(1)
1.9	M	✓	(1)
1.10	I	✓	(1)
Totaal: 10			

**VRAAG 2:
MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

2.1	C	✓	(1)
2.2	D	✓	(1)
2.3	A	✓	(1)
2.4	C	✓	(1)
2.5	A	✓	(1)
2.6	D	✓	(1)
2.7	B	✓	(1)
2.8	B	✓	(1)
2.9	C	✓	(1)
2.10	A	✓	(1)
Totaal: 10			

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B**VRAAG 3**

3.1	Dit verskaf meer USB-poorte ✓ (Aanvaar ook: Kan meer USB-toestelle byvoeg of verskaf meer toeganklike USB-poorte)		1	1
3.2	<ul style="list-style-type: none"> Die LSG/ETG ('RAM') /Geheue ✓ SVE ('CPU')/Verwerker ✓ (Aanvaar: Moederbord)		1 1	2
3.3	Verskaf stabiele krag vir 'n beperkte periode ✓ om die rekenaar vir 'n rukkie te laat loop na 'n kragonderbreking ✓ OF 'n OKT ('UPS') word gebruik om die krag bestendig te hou, 'brown-outs' d.i. kragdalings of -stuwings egalig te hou (Aanvaar ook: Om tyd te gee om die rekenaar af te skakel) (Aanvaar ook: Om beskerming teen kragstuwings te gee)		1 1	2
3.4	3.4.1	Dit doen al die verwerking op die rekenaar ✓	1	
	3.4.2	Die SVE's ('CPUs') moet verenigbaar wees ✓/op die moederbord pas	1	2
3.5	3.5.1	Gesels en sien die ander persoon oor die Internet ✓ /video-konferensie (Aanvaar ook: Gebruik Skype) Lewendige dekking van 'n plek, bv. bewaking by die liefdadigheidswinkel ✓	1 1	
	3.5.2	Luidsprekers of oorfone (Aanvaar ook: Kopstukke) ✓ (Enige een)	1	
	3.5.3	VoIP OF Internet telefonie (Aanvaar: Skype, ens.) ✓ (Enige een)	1	4
3.6	<ul style="list-style-type: none"> Skandering/Kopiëring E-pos Omskakel na PDF Faks (Moenie drukwerk as antwoord aanvaar nie) ✓ ✓ (Enige twee)		2	2

3.7	<ul style="list-style-type: none">Druk deurslagkopieëDruk met die gebruik van aaneenlopende papier ✓ (Enige een)		1	1
3.8	<ul style="list-style-type: none">Maak meer gebruik van elektroniese kopieë/kommunikasieProeflees dokument op die skerm voordat dit gedruk wordLiasseer hardekopieëGebruik 'n fotostaatmasjien vir meervoudige kopieë, ens. ✓ ✓ (Enige twee)		2	2
3.9	3.9.1	Elke foto is opgemaak uit pixels ✓ ('picture cells/elements'). Hoe hoër die getal pixels, hoe beter die kwaliteit/resolusie van die foto. ✓	1 1	
	3.9.2	Die kamera is op 'n hoër resolusie gestel, wat beteken dat die foto's baie plek op die kaart opneem. ✓ Verminder die resolusie/gebruik 'n saamgeperste prentjie-formaat (JPEG, ens.). ✓	1 1	
	3.9.3	<ul style="list-style-type: none">Via USB-kabelDraadloos (Bluetooth of Infrarooi)Plaas die geheuekaart in 'n kaartleser wat aan die rekenaar gekoppel is ✓ ✓ (Enige twee)	2	6
3.10	Die eksterne hardeskyf ✓ omdat nie een van die ander twee groot genoeg sal wees om al die lêers te stoor nie ✓		1 1	2
3.11	<ul style="list-style-type: none">VKV ('LCD') -skerms gebruik baie minder kragBevat minder materiale wat skadelik vir die omgewing is ✓ (Enige een)		1	1
	Totaal			[25]

VRAAG 4

4.1	<ul style="list-style-type: none"> Nie genoeg ETG/LSG ('RAM') nie Nie genoeg hardeskyfspasie nie SVE ('CPU') te stadig, ens. <p>(Aanvaar enige ander korrekte antwoord)</p> <p>✓ ✓ (Enige twee)</p>		2	2
4.2	Doelmaak ('Customise') die program om haar behoeftes te pas ✓ (Aanvaar: Het toegang tot die bronkode in die OSS ('open-source software') en geen toegang in die kode van eiendomsregtelike programmatuur nie)		1	1

4.3	4.3.1	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Probleem verhoed dat jou rekenaar normaal laai. • Rekenaar kon nie korrek afsit nie (bv. kragonderbreking). ✓ (Enige een) 	1	
	4.3.2	Veilige modus ('Safe mode') laai jou rekenaar in 'n beperkte toestand/met slegs basiese lêers en drywerprogramme wat nodig is om te begin ✓ sodat 'n probleem reggemaak/gediagnoseer kan word. ✓	1 1	3
4.4		Bedryfstelselprogrammatuur laat jou toe om die rekenaar te beheer. ✓ Jy benodig ander programme om take te verrig. ✓ Enige geskikte voorbeeld soos woordverwerking, sigblaai, rekeningkunde en speletjies, ens. ✓	1 1 1	3
4.5	4.5.1	Dit mag private of vertroulike inhoud hê ✓ OF om te keer dat ander toegang tot haar lêers kry	1	
	4.5.2	<ul style="list-style-type: none"> • Ten minste 8 karakters/hoe langer hoe beter • Gebruik 'n kombinasie van karakters, letters en syfers • Moet nooit maklik identifiseerbare inligting gebruik nie (ID of telefoonnommers, of troeteldiere se name, ens.) • Gebruik 'n mengsel van bokas- en onderkasletters, ens. <i>(Moenie aanvaar nie: Verander die wagwoord gereeld)</i> ✓ ✓ (Enige twee)	2	3
4.6	4.6.1	Nuwe virusse word op 'n gereelde basis geskep. ✓ Opdaterings laat die antivirusprogram toe om dit te herken. ✓	1 1	
	4.6.2	Die virus is geïsoleer ✓ /na 'n aparte area/deel van die hardeskyf gestuur van waar dit nie ander lêers kan infekteer nie. ✓ <i>(Aanvaar ook: Indien die virus nie uitgegee kan word nie, vir een punt)</i>	1 1	
	4.6.3	Malware ✓	1	5
4.7		Programmatuurroof ('Software piracy') ✓	1	1
4.8		'n Netskans beheer toegang ✓ na en van 'n rekenaar en 'n netwerk/die Internet. ✓	1 1	2
4.9		Defragmentering ✓	1	1

4.10	4.10.1	<ul style="list-style-type: none"> • Rekenaars kan gesteel word • Datalêers kan deur virusse gekorrupteer word • Mag 'n lêer per ongeluk oorskryf • Hardekyf kan faal ('crash'), ens. <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	
	4.10.2	Selfone/mp3-spelers/iPod/E-boeke, ens. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p> Adresboek/Boodskappe/Afsprake/Musiek/Video's/E-boeke <p style="text-align: right;">✓ (Enige een om by die toestel te pas)</p>	1 1	4
	Totaal			[25]

VRAAG 5

5.1	5.1.1	<ul style="list-style-type: none"> • Netwerkkoppelvlakkaart ('Network Interface Card/NIC') • Netwerkkabels • 'n Spil('Hub')/skakelaar ('switch') • Draadlose toegangspunte, ens. <p><i>(Moenie aanvaar nie: Rekenaars)</i></p> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	
	5.1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Om hardeware, soos dukkers, te deel • Om sommige programme te deel • Toegang tot die Internet via slegs een konneksiepunt • Deel die data en inligting • Makliker om te administreer/beheer as alleenstaande masjiene • Beter sekuriteit, ens. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	
	5.1.3	<ul style="list-style-type: none"> • Geen kabels word benodig nie • Rekenaars/Skootrekenaars mag binne die winkel rondgeskuif word • Maklik om addisionele toerusting by die netwerk te voeg/te koppel, ens. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	4

5.2	5.2.1	<ul style="list-style-type: none"> Dit is relatief maklik om te installeer. Dit is die goedkoopste manier om 'n klein netwerk op te stel. Al die rekenaars op die netwerk kan enige randapparatuur-toestel wat aan enige van die rekenaars in die netwerk gekoppel is, deel. Maklik om te administreer, ens. <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	
	5.2.2	<ul style="list-style-type: none"> Die sekuriteit is swak op 'n ewekniernetwerk. Beleid ('Policies') soos netwerksekuriteit moet afsonderlik op elke rekenaar toegepas word. Rugsteun moet op elke rekenaar afsonderlik gedoen word. Geen gesentraliseerde bediener is beskikbaar om datatoegang te bestuur en te beheer nie. Gebruikers moet afsonderlike wagwoorde op elke rekenaar in die netwerk gebruik. 'Malware' kan vinnig versprei, ens. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	3
5.3		<ul style="list-style-type: none"> Bemarkings-/Advertensieredes E-kommunikasie, soos e-pos met kliënte Spesifieke dienste, soos e-bankdienste Soek na inligting oor die Internet, ens. <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	2
5.4		<ul style="list-style-type: none"> Modem (<i>Aanvaar: Inskakel-modem</i>) Roeteerder ('DSL/ADSL') 3G-modem/dongel Selfoon/slimfoon, ens. <p style="text-align: right;">✓ ✓ ✓ (Enige drie)</p>	3	3
5.5	5.5.1	Hoë spoed/Vinnig Hoëbandwydtekonneksie met die Internet Permanente verbinding met die Internet	2	
	5.5.2	Stadiger spoed is vir oplaai ('uploading') ✓ en die vinniger spoed vir aflaai ('downloading') ✓ <i>(Moenie aanvaar nie: Slegs op- en aflaai)</i> <i>(Aanvaar: Spesifieke spoed solank die aflaaispoed vinniger as die oplaaispoed is)</i>	1 1	
	5.5.3	Die koste van die IDV ('ISP') ✓ Lynhuur ✓	1 1	6
5.6		<ul style="list-style-type: none"> Jou data is slegs toeganklik as jy aan die Internet gekoppel is. Indien die verbinding stadig is, sal dit lank neem om jou lêers af te laai/oop te maak. Sekuriteits-/privaatheidskwessies, ens. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	1

5.7	5.7.1	Webdeurblaaier ✓ (<i>Moenie aanvaar nie: Handelsname</i>)	1	
	5.7.2	Die intranet is slegs beskikbaar vir die lede van 'n organisasie ✓ terwyl die Internet vir almal toeganklik is. ✓	1 1	3
5.8	Dit is 'n (informele) aanlyndagboek✓/-joernaal. ✓		2	2
5.9	Aanlynveilingwebtuistes ✓		1	1
	Totaal			[25]

VRAAG 6

6.1	6.1.1	Aksie: Vee uit/Ignoreer/Meld by die bank aan ✓ Doel: Enige antwoord verwant aan identiteitsdiefstal ✓	1 1	
	6.1.2	Strikroof ('Phishing') ✓	1	3
6.2	Swak netiket/Skryf in hoofletters is soos om te skree/Dit is ongeskik. ✓		1	1
6.3	<ul style="list-style-type: none"> Gaan deur vir virusse voordat dit gestuur word Voeg betekenisvolle onderwerpreëls ('subject lines') by Wees kort en bondig (saaklik) Moenie skinder nie Onderhou slegs die kommunikasiedrade ('threads') wat relevant is Beperk die grootte van die aanhegsels, ens. <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>		2	2
6.4	6.4.1	'n Uitvoerbare lêer ('executable file')/'n lêer wat 'n toëpassing ✓ of program is	1	
	6.4.2	Haar rekenaar kan deur 'n virus besmet wees. ✓	1	2
6.5	<ul style="list-style-type: none"> Jy moet aanlyn wees om jou e-pos te kan oopmaak. Irriterende advertensies kan soms opwip. Internet-e-posdienste (Webpostuistes) mag die adreslyste uitgee wat kan veroorsaak dat 'n mens baie spam ontvang, ens. <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>		2	2
6.6	6.6.1	<ul style="list-style-type: none"> Om vriende te vind/sosialiseer Om foto's/video's te deel Klets aanlyn 'Twitter'-tipe fasiliteit met statusbywerkings Om te adverteer/om gebeurtenisse te pos, ens. <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	
	6.6.2	<ul style="list-style-type: none"> Moenie persoonlike inligting uitgee nie (adresse/ telefoonnommers, ens.). Moenie vriendversoeke aanvaar van mense wat jy nie ken nie. Gebruik die instellings van die fasiliteit om toegang tot jou profiel te beperk, ens. Moet nooit mense wat jy op 'n sosialenetwerk-webtuiste leer ken het, alleen of in 'n private plek ontmoet nie, ens. <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	4

6.7	6.7.1	Dit kos baie minder. ✓	1	
	6.7.2	<ul style="list-style-type: none"> • Leerders sal slegs die boodskap ontvang indien hulle aangeteken is. • Leerder mag nie MXit gebruik/geïnstalleer hê nie, ens. ✓ (Enige een) 	1	2
6.8	Gedurende toetse/eksamens ✓ want: <ul style="list-style-type: none"> • Leerders kan kitsboodskappe('IM')/MXit gebruik om te kul deur vir mekaar antwoorde te stuur. • Leerders mag antwoorde op selfone stoor. • Leerders mag die antwoorde 'Google' gedurende die eksamen. • Daar is steurings van selfone wat lui, ens. (Enige een rede) ✓ 		1	2
6.9	Dit is 'n oudiolêër ✓ wat op die Internet beskikbaar is. ✓		1 1	2
6.10	6.10.1	Sy moes die Google-soekenjin ✓ gebruik om die antwoord te vind. ✓	1 1	
	6.10.2	Gaan na of: <ul style="list-style-type: none"> • Die webtuiste outoriteit het (soos 'n universiteit of bekende ensiklopedie) • Die inligting onlangs geskep is • Dieselfde inligting op ander webtuistes voorkom • Daar partydigheid is • Bronne gegee is ✓ ✓ (Enige twee)	2	4
6.11	6.11.1	'n Wiki is 'n webtuiste ✓ waar die inhoud deur veelvuldige ('openbare') gebruikers geskep is. ✓	1 1	
	6.11.2	Al die artikels in Encarta ✓ word formeel gemodereer en sal waarskynlik meer akkurate inligting gee./ Alhoewel sommige van die artikels in Wikipedia ook gemodereer is, kan enige een bydraes maak tot die meeste van die artikels in Wikipedia. ✓	1 1	4
Totaal			[28]	

VRAAG 7

7.1	Inlynstelling, voeg grafika by, 'WordArt', verander agtergrond, voeg 'n vergrote hoofletter ('Drop Cap') by, rame ('borders'), bladsyoriëntering, spasiëring <i>(Aanvaar enige ander geldige antwoord, behalwe waar die antwoord na fonts verwys)</i> ✓ ✓ ✓ (Enige drie)		3	3
7.2	PDF ✓		1	1
7.3	7.3.1	Voetnoot ✓	1	
	7.3.2	Style ✓	1	
	7.3.3	Boekmerk ✓ OF Hiperskakel	1	
	7.3.4	Vervang slegs hele woorde ✓	1	4

7.4	7.4.1	Invoer na die databasis ✓ OF Kopieer en plak die hele lêer	1	
	7.4.2	<ul style="list-style-type: none"> Databasisse leen hulself tot navrae met teksdata. Databasisse is bedoel om met groot getalle rekords te werk. Dit verskaf gereedskap om foute gedurende datavaslegging te voorkom. Verstekwaardes kan toegeken word. Kan drukbare verslae produseer, ens. <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	3
7.5	7.5.1	Teks ✓ 10 ✓	2	
	7.5.2	Datum/Tyd ('Date/Time') ✓ OF Teks	1	
	7.5.3	Toevoermasker ('Input mask') ✓	1	4
7.6	7.6.1	Dui enige aantal karakters aan ✓	1	
	7.6.2	* /04/27 ✓ (Aanvaar: 27/04/*)	1	2
7.7	7.7.1	COUNT ✓	1	
	7.7.2	Verslag-voetskrif ('Report footer') ✓	1	
	7.7.3	Skep 'n navraag ✓ wat die besonderhede van die graad 12-leerders wys ✓	1 1	
	7.7.4	Groepering plaas rekords wat dieselfde waarde vir 'n spesifieke veld het, ✓ bymekaar. ✓	2	6
7.8	7.8.1	Voorwaardelike formatering ('Conditional formatting') ✓	1	
	7.8.2	COUNTIF sal slegs die getal kere wat Mabou gewerk het, tel ✓ (en nie die ure bymekaartel nie).	1	
	7.8.3	SUMIF ✓	1	3
7.9		Grafiekhulpprogram ('Chart wizard') ✓	1	1
		Totaal		[27]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150